# Interview Mr Tromp 11 May 2022 (Interviewer - Aslam Fataar)

**<u>Sprekersleutel:</u>**

| | |
|---|---|
| AF | Aslam Fataar |
| TR | Meneer Tromp |
| BA | Bastiaan |

00:00:00

AF Goeiemôre, kollegas. Meneer Tromp, my naam is Aslam Fataar. Ek is van Stellenbosch Universiteit. Ek praat met u vandag oor u lewensstorie, nommer een, nommer twee, oor u verstaan met betrekking tot die Hardekraaltjie proses, en die derde een sal wees oor u idees rondom restitusie. Ek hoop dat ons vir meer as een geleentheid hieroor kan praat, as dit moontlik is. Baie dankie. Goeiemôre, meneer Tromp.

TR Goeiemôre, professor.

AF Meneer Tromp, kom ons begin by ’n baie interessante punt. Waar bly u huidiglik?

00:00:39

TR Ek bly nou net daar, Babertonstraat [?], Ravensmead. Bastiaan weet en Cheffe weet.

AF Mooi. Kom ons gaan terug na die begin. U kinderjare, waar en wanneer was u gebore?

TR Ek was gebore 1941 op ’n plaas, Spes Bona, distrik Ceres. Interessant genoeg, professor, tydgelede was daar vyf renosters doodgemaak. Dit het nou oor die nuus gekom, as ek daai deel mag inbring. Vier was doodgemaak, maar daar was een wat hulle nie kon gekry het nie en ek dink laas week toe’t hulle die een gekry en die een het ’n babatjie.

Nou, dit beteken, die plaas wat ek op gebore was, was ’n druiwe plaas, massiewe plaas, die grootste in die Karoo. Karoo wat ek van praat, deur Ceres, Theronsberg, Hotnotskloof. Nou, in Hotnotskloof is daar nog ’n plaas, Gwarrieberg [?]. Daar het my oupa plaas gehuur en hy’s daar oorlede en hy’s by Hotnotskloof, daar is ’n kampterrein, daar is hy begrawe en ek het vir hom ’n steen gemaak. Hy was gebore in 1788, daar rond.

AF 1888?

TR So iets, ja.

AF Kan ek jou net vra, 1941, so u is 81 jaar oud hierdie jaar?

TR Een-en-tagtig.

00:02:21

AF Pragtige ouderdom. Kan u vir my skets, as u kan onthou, wat u familie-omstandighede was min of meer by die tyd toe u gebore was? Ander woorde, hoe groot was die familie? Wie was u ma en pa? Watter soort werk het julle gedoen? U noem die plaas, en so aan ensovoorts.

TR My pa en ma, my pa het 'n agtergrond, my ma het 'n agtergrond. My ma se van was Beukes en my pa se van was Tromp. My pa se pa het 'n plaas gehad wat hulle gesê het Brandfontein [?]. Ek dink in 1928 het hy die plaas, ons het die *deeds* van die plaas, het hy oorgetrek na Perdekraal.

Daar's 'n bietjie van 'n probleem met die *deeds* van Brandfontein *officially*, maar Perdekraal, van die *restitution* aansoek in gegewens en data en so aan, was ek by die argiewe en van die familie was by die argiewe en by die munisipaliteit van Ceres, maar geen dokumentasie of 'n *settlement* of wie die plaas gehuur het of wat nie.

Maar hy was ge-*evict* met die verduideliking daar moet 'n pad deur die plaas gaan. Die pad was baie gebruik deur vervoer en hy't uitgekom by Matjiesfontein.

AF Maar u sê met die voorbehoud dat daar 'n pad moet deurgebou word. Wat was die regte storie?

TR Die regte storie, daar't nooit 'n pad deurgegaan nie, so seker maar dieselfde patroon van destyds van [onduidelik], geen Hotnot moet eiendom het nie.

00:04:37

AF Ek sien. Ek wil vir u nou twee stelle vrae vra. Die een is oor die plaas syself en die ander een is oor die familie. Maar kom ek begin by die familie. Wat is die, wat hulle noem u, is die woord nou nasate? Wat is die heenkome? Waarvandaan kom die Trompe en die Beukese?

TR Professor, eienaardig genoeg, twee of drie weke gelede was die Tromp-familie op die radio bespreek. Ek het dit gelukkig ge*record*.

AF Ek sal dit waardeer as ek dit in die hande kan kry.

TR Dit is nou ander mense wat oor die radio praat, wie's die Trompe, afstammeling, waarvan af kom hulle. Maar ek verstaan hulle was Nederlanders. Ons het so besluit dat ons soek nie 'n koppeling om deel te wees van die verdrukkers nie. Nou gaan ons terug 1650 toe. Jammer dat ek nou... Want dit was verdrukking. Want ons ken dat 'n gedeelte ons geskiedenis, hulle't genoem die Khoisan of die Khoi of die Boesman of die Hottentot.

AF Maar dis mos daai mengsel.

TR Daai's 'n mengsel.

AF Maar gee vir ons die hele mengsel – wit, swart, Khoisan.

TR Gedeeltelik van die familie is *reclassified* destyds, nie 'n groot gedeelte nie, blank.

AF So, daar's deel van hierdie Tromp-familie wat blank geklassifiseer is?

00:06:03

TR En deel van die familie, my oupa se een broer was Moslem. Dit het hulle genoem op die radioverduideliking wie die Trompe is. Hulle doen mos elke, soos hulle keuse is, sê hulle vir die wêreld of Suid-Afrika, hulle sê u van en dan gaan hulle in hierdie van in. Dan doen ons mos nou *research*. Hulle kan doen net wat hulle wil. Maar elk geval, maar al wat ons weet, my oupa het drie broers gehad, een bly in Worcester en hy's die Tromp, maar hy's Moslem, en my oupa was nou 'n *Christian* mos.

Dan gaan ek, net om 'n verduideliking te gee van die koppeling van as ons praat van *1652* en dan waar kry ons sekere *evidence*. Nou op Gwarrieberg is daar tekeninge van die Boesman, duidelik, ek het kiekies daarvan, maar dit is nie die eiendom van my oupa nie. Die ooreenkoms... My oupa was 'n skaapboer en ons praat nou van skaapboer. Hy't twee seuns en het hy 'n dogter gehad, so sê die radio.

Maar my oupa se onderhandeling met die boere van destyds wat verantwoordelik was, die [onduidelik]. Die [onduidelik] was eenkeer daar, toe vra hulle vir hom... Kyk hier, ek het my oupa goed geken, want toe ons skool gegaan het, dan gaan ons skooltye, vakansietye gaan ons óf na my oupa toe in die Karoo, óf na my familie toe in die Bokveld. Dit beteken, wat hulle geëet het, hoe ek my *enjoy* het met die klein skapies en so aan, ek het 'n agtergrond, nie wat iemand vir my gesê het nie.

00:08:02

Die boer het gekom en gesê, outa, dit is nou wat die hele familie weet, my broers en susters, die trop skape wat daar oor die bult kom? Nee, baas, dis myne. En, outa, en daai wat oor daai bult kom. Nee, maar oubaas, dis ook my myne. Met ander woorde, hulle het 'n menslike verhouding gehad en die boer doen ook sy *research*, waarmee sit die Hotnot?

Na daardie kom hulle met 'n strategie, maar as dit nie sy eiendom was nie, dan't hy nie toestemming gehad om vir outa te vra ons wil 'n pad hierdeur maak, want my oupa het ge-*object*. As hy ge-*object* het, dan moet hy mos die eienaar wees. Want hy weet wat eienaar is, want hy't [onduidelik] van 12 000 hektaar, so hier't hy weer, die *standard* daar is 12 000 hektaar vir die...

AF En dis ook wat u oupa gehad het?

TR Dis wat my oupa gehad het.

AF So, 'n volledige plaas.

TR Volledige plaas en die *deeds* sê dit, die een *deed*. Die ander *deeds* is *questionable*. Ons kry dit nie.

AF So, u oupa was 'n volledige plaasboer.

TR Volledige plaasboer.

AF Wat as gevolg van wat die rede gegee was dat die plaas moes van hom geneem word as gevolg van die pad wat gebou moet word, maar wat die rede was om gekleurde bruin mense af van die plaas te kry? Die ander plase wat nog steeds

bestaan het en voortgegaan het, het wit eienaars gehad?

00:09:45

TR Professor, as ek nou praat van my oupa en waar hy was, ek het kiekies daarvan.

AF O, jy't kiekies.

TR Ek het kiekies.

AF O, dis fantasties.

TR Ek het kiekies.

AF Ek maak net 'n nota hier in my kop oor dit.

TR En ek kan nie verstaan nie, professor, dat hy destyds 'n kar gehad het. Want die kiekie wat gekoppel is aan hom, en hy was ook so groot omtrent soos ek, professor, hy het voor die kar gesit.

AF So, hy was 'n suksesvolle boer soos al die ander boere in daai kontrei?

TR Ja.

AF Was daar ander bruin mense wat dieselfde paadjie geloop het daar?

TR Dieselfde paadjie geloop het. As jy nou in daai Karoo afgaan, eienaardig genoeg, professor, daai rivier wat vir Laingsburg gevat het...

AF O, die tagtigerjare.

00:10:38

TR Een van daai riviere het by hom verbygegaan, anderste kan hy mos nie 'n bestaan gemaak het nie. Dis mos die Karoo, man, daar's mos nie water nie.

AF Ek sien. Absoluut. Dit is 'n baie interessante storie. Dit is iets wat ek kan met u oor praat vir 'n lang periode, maar ek wil ook na die Beukese gaan. Wie is hulle in verhouding tot u familiewees?

TR Die Beukese, ek is op Spes Bona gebore. Nou, my oupa, Jakobus Beukes, hy was die voorman gewees en hulle het...

AF Van wie?

TR Van die plaas.

AF Van u oupa se plaas?

TR Nee, dis nou die ander. Hy't nou nie 'n plaas nie. Ons het nie 'n lekker agtergrond waar hy sy oorsprong het nie. Maar die oupa Beukes, met ander woorde gekoppel aan ons familie en my ma se pa en my ouma, hulle het later... Ek gaan nou vinnig, maar ons kan dit ook...

AF Absoluut.

TR Hulle het later op Graaff se plaas, van Spes Bona af, toe gaan bly hulle op Graaff se plaas. Die Beukese. Die oupa en die oupa is oorlede. Sy vrou is vroeg in sy lewe oorlede.

00:11:50

AF Waar is Graaff se plaas?

TR Hier bo by Panorama.

AF O, is dit Johan Graaff, die groot Graaff-mense hier?

TR Van die *United Party*.

AF O, die Plattekloof-mense.

TR Ja.

AF O, absoluut. So, hy was ’n voorman op hulle plase?

TR Nee, Spes Bona. Spes Bona het ’n eienaar gehad, nou kan ons nie sê... Die Graaffse het mos baie grond daar in die ander geweste.

AF Ja, reg deur.

TR Ja. Hy kom toe, met ander woorde, hy vertrek en ons bly. Want toe ons vertrek, toe kom ons Stellenbosch toe, maar hy kom *straight* Graaff se plaas toe. Maar wat hy was, al wat ons weet, hy was die voorman en hulle het die boere daar in die rondte se vrugte het Spes Bona toe gekom. Spes Bona is nou die plaas. Met ander woorde, hulle het die vrugte gedroog. Hulle noem dit stellasies. Jy weet daai massiewe goed?

AF Ja.

00:12:48

TR Want ek het daarop gespeel. Nou, my oupa het by die, hulle noem dit ’n *shed*, waar dit nou alles is en die *stock* en daar was ’n *railway line* wat geloop het, daai wat jy so pomp. Kan jy onthou daai goed?

AF Nee, ek kan nie.

TR Die ouens sit ’n ding op en dan pomp hulle en dan gaan hy vorentoe en agtertoe. Julle weet waarvan ek praat, nè? Daai tyd is nog nie lank gelede nie, Bastiaan. Jy sit die ding op die spoor en dan het twee ouens...

BA Ek het al so iets gesien, dan een trek daai kant, een trek die kant.

TR Dis korrek. Nou, so ding het ge-*operate* daar. Daai’s nou my oupa Beukes.

AF Kom ons gaan gou terug na oupa Tromp. Waarmee het hy geboer?

TR Skaap.

AF Skaapboer.

TR Boer.

AF Ongelooflik.

TR Hy’t geboer met skaap. Skaapboer. *Straight* skaapboer. Nie beeste nog by en so nie.

AF Niks rêrig gewasse nie, soos vrugte, groente nie en so aan?

00:13:46

TR Nee, hy't geplant koring. Ek kan nog onthou die donkies. Ek het probeer vasstel van die familie, Boetie Tromp, hy't ook eintlik 'n oor gehad met die radiomense en ek het gedink daar was 10 of 12 donkies, maar daar was 28 donkies. Met ander woorde, as dit kom by oestyd, dan hardloop die donkies in die rondte, daai outydse benadering. Dit kan ek nog onthou, dan trap hulle seker nou die koring uit.

Hy het koring ook geplant, maar nie mielies. Hy't nie mielies en beet en aartappels geplant. Nie wat ek van weet nie. En nou kry ek nie van die familie wat nou meer betrokke was of 'n bestaan gemaak het saam met hom. My pa het mos nie... Die ouens het nooit vir ons gesê wat, waar en hoekom en hoe lyk julle verlede nie. Daar was nooit so *discussion* gewees nie.

AF Wat is die Beukese se *ancestry*?

TR Ons het nie daarin ingegaan nie.

AF Julle het nie daarin ingegaan nie. Oukei.

TR Ja.

AF Oukei, u ma en pa ontmoet en trou min of meer wanneer? Of wanneer kom hulle bymekaar? Laat ek dit so stel.

TR Geen idee. Al wat ek weet, ek was gebore, want ek het 'n kiekie waar ons op 'n ashoop sit. Ek het 'n kiekie waar ek 'n laaitiekie was, 'n babatjie.

00:15:03

AF Regtig?

TR Ja, ek het 'n kiekie. Maar ek het nogal 'n ringetjie ook, een soos daai een. Waar dit... Dis snaaks. Seker maar geseën gewees.

AF Wat was hulle geloof?

TR Hulle was protestante.

AF Protestante.

TR Hulle het aan die NG Kerk behoort. Daai tyd het al die mense mos aan die Nederduits-Gereformeerde. Want ek is gebore, in die Nederduits-Gereformeerde van Ceres gebore. My doopsert sê jy is daar en professor [onduidelik] het vir my... Maar daai tyd was hy mos nou nie 'n professor nie.

AF Is dit die hoofkerk of is dit die sendingkerk?

TR Nee, kyk, die sendingkerk, daai tyd het hulle nog dieselfde naam gedra. Dis net daai tyd toe sê hulle, ons *degrade* julle net, ons gee vir julle 'n sending.

AF 'n Naam wat iets anders beteken.

TR Wat iets anders beteken.

AF Maar dit was die NG Kerk?

TR Dit was die NG Kerk.

00:15:57

AF Gee vir my u ingesteldheid godsdienstig. Wat is u ingesteldheid met betrekking tot ook u familie opgroei en so?

TR Baie gelowig. Reg deur die *generations*. Maar my oupa, ek kan onthou, hy't 'n Duitse Bybeltjie gehad. Nee, 'n Nederlandse Bybel. Daai kleintjies. Sy gewoonte was oggendgodsdiens en in die aand godsdiens.

AF So, 'n baie goeie deurdagte, religieuse, godsdienstige *upbringing*?

TR Alhoewel hy't nooit by die kerk uitgekom nie. Hy bly mos in die Karoo.

AF Maar wat is die vernaamste boodskap wat die kerk aan u familie verkondig op daai stadium in terme van lewe, moraliteit, strewe, kinders grootmaak en so aan?

TR As ons nou praat van Spes Bona, daar't mos nou mense gebly op die plaas. As ek nou praat van my oupa, daar het twee seuns en 'n dogter gebly en dan die kleintjies. Die naaste kerk was Ceres, maar hy was gekoppel aan Laingsburg, want sy vrou was gedoop Loetes [?]. Loetes sê haar doopseën. Met ander woorde, sy was gekoppel aan Hans Myburg daar by julle, professor Hans Myburg.

AF O, ja. By UWK?

TR Ja. Hy was my neef gewees.

AF Rêrig?

00:17:36

TR Ja, my neef.

AF My gedood.

TR So, Laingsburg, Hans se pa se suster was my oupa se vrou, maar sy's vroeg oorlede.

AF Wat was die algemene politieke oriëntasie van u-hulle familie? Is dit in die hoofstroompolitiek, Sappe, Nasionale Party, Herstigte Nasionale Party? Of is dit kleurlingpolitiek, *coloured affairs department* gesentreerd, Van der Ross-gesentreerd op daai stadium, die pa en so aan? Of is dit *Unity Movement*, is dit radikaal?

TR Professor, van my oupa se kant af, daar was niks *information*, nie van politiek en godsdiens nie. Hy was 'n persoon van sy eie, want hy lewe in die Karoo. As hy by familie kom, Hans Myburg-hulle se familie, hulle't altyd met die *festive season* gekom, wat ek nou kan onthou, verder net aangegaan met sy bestaan.

Dan van my pa se kant af, my pa het nie aan een politieke party behoort nie. Nie in Spes Bona nie. Nie in Stellenbosch nie. Ons het daar gebly. Nie in die Akkers nie. Nie in Parow nie. Hy was nie 'n *member*, 'n *card-carrying member*, *meetings* bygewoon nie. Hy't nie eers ons *public meetings* bygewoon nie. Hy't vir my gesê, jy moet wegkom van die gemors. Die boere gaan vir julle... Julle gaan nooit die magtige boere omvergooi nie.

00:19:05

Toe dit kom met die vryheid, want die vryheid het mos nou nie gekom oornag nie, jy weet mos nou, maar toe die vryheid kom, toe sê ek, ek wil julle... Laat in die nag dan kom ek van *public meetings* af of wat ook al, dan mag die kinders nie vir my toelaat om in die huis te kom nie. Na 12 is dit *overs*, dan slaap ek in my kar.

Hulle het vir my gesê, toe dis gelei deur George Blous [?]. Dis nou die aksiekomitee. Nou nie 'n politieke party nie, aksiekomitee. Dan sê hulle, jy moet ophou met die bleddie George Blous. Julle sal nooit die magtige regering omvergooi nie. Nog 'n ding is, jy moet kyk dat jy vir jou vrou sê, akkommodeer huis of wat ook al. Nou, ek het nie belangstel in... Ons bly mos nou by hulle. Ons is getroud.

Maar toe die vryheid kom en hulle het nie 'n lekker idee gehad nie en hulle't seker nie dit verwelkom nie, swartvryheid nie, so daai indoktrinasie was daar, want hulle't mos op die boere se plaas grootgeword. Nou, toe sê ek, ek wil julle sien. Toe's dit mos nou vryheid, toe sê ek, ma en pa, ek wil julle Sondagmiddag sien.

Toe sê ek vir hulle, onthou wat julle aan my gedoen het, maar nou is julle vry, maar julle't gesê julle's... Maar, kyk hier, hulle weet toe van die tronk toe gaan oor die betogery en wat ook al. Maar toe ek nou vir hulle sê, maar nou's julle vry, vry het mos nie met twee brode by die hek ingekom nie of 'n tjek in die bank nie, maar vryheid is 'n woord.

00:20:48

Dis 'n hele verandering nou van om aan te pas, die boer sê [onduidelik], julle is nou vry. Maar julle het al reeds, toe sê hy julle is vry. Julle is ook nie ge*worry* met vry nie, laat ons net ons kinders grootmaak en werk en daai. Maar toe sê ek vir hulle, al die opoffering, is julle nou vry. Hulle't gesê, oukei, ja. Hulle het omverskoning gevra wat hulle altyd gedoen het, die kar laat slaap het.

AF Maar dit is om te verstaan in die konteks van hulle sosialisering, wat nie eintlik 'n politieke sosialisering was nie. Dit was maar net 'n bestaansosialisering.

TR Dit was 'n bestaansosialisering.

AF Maar kan ek nou ingaan in u skoolgaan. Gee vir my so 'n skets van u kleuterskool, waar, wanneer, en dan die primêre skool en so aan, hoërskool en so aan?

TR Ek was by 'n... In Stellenbosch het ek begin skoolgaan, toe bly ek nou ook op 'n plaas op Stellenbosch, maar dis 'n druiweplaas. Toe was daar 'n skool, Rhenish wat ook al, tot by sub A. Toe trek ons. Ons sou nie trek nie, maar die Engelsboer en sy vrou skei. Ek kan onthou, dis mos nou 'n druiweplaas, Stellenbosch druiweplaas, en daai was die...

AF Jy kan nie die naam onthou nie?

TR O, nee.

AF Oukei, dit was 'n druiweplaas.

TR En dit was swart druiwe, nie ander wit. Swart druiwe en dit was die lekkerste druiwe. Oukei, ek het nou kontak gehad met een druif en dis die lekkerste druiwe,

ek onthou. Daarna het ek dit onthou. Ek was daar tot by sub A, sub B.

00:22:40

AF By die Rhenish skool nou?

TR Rhenish skool, en die hoof was meneer Kibbedo [?]. Maar weet jy wat gebeur, professor, met die Kibbedo, en dit was ’n woelige man. Woelig beteken hy’t nie drama gevat nie. Ek kom kry dit toe by die... Toe ek ’n groot man is, toe werk ek by die *GPO*, toe’s hy weer my onderwyser, maar ons kan daarby kom.

AF Maar nou sê vir my net voordat ek afstap van die sub A en B by Rhenish, het u enige geheue van daai skool se impak op u?

TR Glad nie ’n impak nie, want met ander woorde, dat al wat ek weet, hy het ’n Volkswagen karretjie gehad. Ons is mos nou op die plaas en die skool is op die vlakte, ’n klein skooltjie, en dan ry ons saam met hom, maar dan ry ons in die *boot*.

AF In die *boot*.

TR Maar, kyk hier, man, nou langs die pad was wat hulle ’n pad gemaak het, daar was soos ons nou te doen het met grafte, toe was die grafte oop, maar die beendere was weg. Ek het altyd my suster gesê, kan jy dit onthou, Leen? Ons twee het daar skool gegaan.

AF So, u het ’n geheue van ’n begraafplaas waar u by deurgery het na die skool waar daar beneskending ook plaasgevind het?

00:23:56

TR Waar daar beneskending plaasgevind het. Dis beneskending.

AF So, Hardekraaltjie is nie die eerste belewenis van dit nie?

TR Glad nie die eerste belewenis nie.

AF Maar nou, u’t nou genoem met betrekking tot skoolgaan die woord die “vlakte”. Verwys u na ’n spesifieke area in Stellenbosch? Want daar was ’n area met die naam van Die Vlakte wat die bruin mense gebly het.

TR Nee. Kyk hier, professor, die vlakte is jy kry mos nou die boere se plase, nou gaan jy mos skool toe. Nou, die skool is in ’n vlakte, dis oop, daar’s nie bome nie, daar’s nie...

AF U bedoel dit.

TR Ja.

AF Ek wil gou net vir u sê, en die transkribeerder kan hierdie uithaal, dat daar is ’n area in die middel van die dorp in Stellenbosch met die naam Die Vlakte waar bruin mense gebly het en verwyder was in die 1960’ers. U’t gehoor van dit, nè?

TR Ja, maar kom ek stel gou reg. Dit was *Devon Valley Range* se skool was die skool se naam. Dit kan ek onthou.

AF O, nou, ek ken die skool.

TR Regtig?

00:25:07

AF Ja, dis nog steeds daar.

TR Nè?

AF Ja, dis reg. As jy Devon Valley, na die *resort* toe ry daar, dan ry jy verby hierdie skool. Ongelooflik.

TR Regtig?

AF So, u plaas was ook naby?

TR Die plaas was, naby beteken jy kan skool toe loop, maar nou kom hy mos verby van Stellenbosch af. Hy's mos nou ons onderwyser. Ons het net een onderwyser gehad en dit is Kibbedo.

AF Meneer Kibbedo.

TR Nou gaan ry ons mos daar met die kar.

AF Reg. So, u het vir my gesê dat daar was 'n *divorce* gewees tussen die plaasboer en sy vrou, en toe't dit vir u geaffekteer.

TR Met ander woorde, onthou, die mense wat op die plaas gewerk het, was mos baie mense. Dit was swart mense ook. Dit kan ek onthou.

AF O, daar was ook swart mense?

00:25:47

TR Ja, daar was swart mense.

AF O, interessant.

TR Ek weet waar ek gebly het en daar't ek spoke gesien, want hulle sê ek was met die helm gebore. Oukei, maar in elk geval...

AF Wil u vir my van dit vertel?

TR Ekskuus?

AF Wil u my van dit vertel? Dis mos 'n gawe.

TR Ek verstaan dis 'n gawe. Nou gaan ek terug Stellenbosch toe. Ek wil nie eintlik oor die nie. Nou, die rede waarom ons uit Spes Bona uit getrek het, dit het met die geeste te doen gehad.

AF Rêrig?

TR Goddelike waarheid. Nou, hoe lyk 'n gees en vir watter rede kom hy met my speel? Sulke soort goedjies. Maar ek weet op Stellenbosch, dit was vir my nou bietjie groter, ek het nie elke tweede dag het ek spoke gesien of wat ook al nie. Maar ek weet die kleur wat hulle, kan ek dit self ge-*imagine* het, maar die kleur van die *boy* se tong en vir watter rede hy gekommunikeer het met my vir watter rede ook, maar ek het 'n idee.

00:26:46

Want ons praat nou weer van 'n vlakte. Nou, ons het so op 'n heuweltjie gebly. Nou, onder was ook huise en onder het die Maase gebly, oom Petrus Maas. Hulle't ook later Akkers toe getrek. Nou, die eienaardig, as oom Petrus-hulle trek, as iets gebeur, dan gee oom Petrus Maas, dan gee hy leiding. Jan, ek trek Stellenbosch toe. Jan maak reg, Jan trek saam. Jan, die boer gaan die plaas verkoop, hulle skei, ek trek Akkers toe.

Maar die Akkers is nie 'n plaas nie. Akkers is nie 'n plaas nie. Akkers is soos Tiervlei. Hugostraat, De Wet-straat, Cambridgestraat.

AF Maar waar is Akkers?

TR Elsies Akkers.

AF Elsies?

TR Elsies Akkers, ja. Maar oor die nasionale pad is genoem Elsies Akkers, want jy't Vasco Akkers gekry en Goodwood. Dis maar net 'n naam. Met ander woorde, die nasionale pad *N1* gaan mos nou Johannesburg toe. Almal anderkant die nasionale het hulle genoem Akkers. Goodwood Akkers, Vasco Akkers.

AF Maar hierdie Elsies is nou in verwysing na hierdie area?

TR Nee. Elsies is mos daai tyd ook Elsies gewees.

AF So, dis nie spesifiek in hierdie area nie, maar u verwys na Elsies, 'n veel breër area?

00:28:08

TR Veel breër. Oor na Graaff se plaas toe. Hy't aangesluit daar. Ons het nie ver van Graaff se plaas op ander mense se grond gebly nie.

AF O, vanaf die Stellenbosch na hierdie Elsies Akkers area?

TR Elsies Akkers, ja.

AF En u het daar toe voortgeset by die skool, standerd 1?

TR Toe gaan ek ook weer in kerkrigting Gestig, Cookstraat. Cookstraat, standerd 1. Gestig is die skool se naam.

AF Gestig, in die straat Cookstraat?

TR In die straat en die hoof was meneer Agulhas. Meneer Agulhas was die hoof.

AF Agulhas, ja.

TR Ja, hy was die hoof. Cookstraat.

AF Dit is nou in hierdie Akkers Elsies area?

TR Maar die skool was in Vasco.

AF O, in Vasco.

00:28:56

TR Ja, die skool was in Cookstraat, Vasco. Cookstraat loop nie deur tot by oor die nasionale pad nie. Dis net Hugostraat, Cambridgestraat en De Wet-straat wat oor die nasionale pad loop, Elsies, Hugostraat. Nou, jy kry De Villiers-straat. De Villiers-straat en die strate end by die nasionale pad, duskant die nasionale pad. Die ander gaan oor, maar dis mos nou soos in ons tyd sandpaaie. Nou, sandpaaie en die konnotasie van wat ’n sandpad is.

AF Presies. So, dit is ’n al-salige, bebosde area.

TR *Absolutely*.

AF En u het skool toe geloop?

TR Daarvandaan.

AF Maar is Vasco nie bietjie ver gewees van waar u gebly het nie?

TR Baie ver.

AF En u’t geloop Vasco toe?

TR Ja, na Gestig toe. Daarna het ek probeer vasstel, seker nou maar... Want ek het probeer vasstel hoeveel skole is daar in daai *area*.

AF Later nou? Later probeer vasstel?

00:30:00

TR Ja, toe ons nou uitvind, kom ons kyk na hoekom het die mense getrek daaruit, sluit almal in, nie die boere s’n. Maar ek het dit ge-ondervind. Met ander woorde, ek het nie net skool toe gegaan nie, standerd 1, 2, 3 nie, toe gaan ek Parow toe, *Fairfield Primary*.

Daai het ek ook, dis ook mos nou groter, daai het ek... Die ouens wat sy bestaan uit hout gemaak het, toe’t ek hout gemaak. Daai keer kap ek hout en toe’t ek kontak gemaak. Maar, professor, nou bly ons in die Akkers. Nou, daar bly mense in die Akkers...

AF Ek het hom.

TR En ek het daarna weer kontak gemaak met hulle *restitution*.

AF O, dis nou later. Ons kom daar. Ek gaan dit onthou. Ek wil net praat oor toe u in Akkers kom, toe is dit ’n bietjie van ’n klein dorpie of ’n klein, hoe kan ek dit nou noem, ’n klein gebied waar mense langs mekaar gebly het?

TR ’n Klien gebied. Dit het die swart mense ingesluit. Laat ek gou verduidelik van die swart mense.

AF Asseblief.

TR Die swart mense, toe ons daar kom, toe’s daar nie swart mense nie en die swart mense, toe hulle kom bly daar, toe bly hulle nie in huise nie, toe bly hulle... Jy weet maar die ouens maak, noem dit maar daai rondawels.

AF Hutte.

00:31:29

TR Toe maak hulle hutte met hout.

AF Riete en hout en so aan?

TR Ja. En die rede waarom ek sê, want ek het toe met hulle, van hulle het saam met my skool gegaan, swart mense.

AF Rêrig? By Gestig?

TR By Gestig.

AF Dis baie interessant.

TR En nou, wat ek kan baie mooi onthou, professor, hulle het Saterdae sokker gespeel. Daar was mos nou baie velde, die vleie en velde, dan speel hulle sokker met mekaar. Nou nie professioneel, maar dis mos nou die mense wat sokker speel, en dan Sondag het hulle geoefen met die kieries.

AF O, so baie tradisionele aktiwiteite ook deel gewees.

TR Maar hulle het nie, want hoe kan ek sê, van die kinders wat mos nou saam my skool, ons gaan maar nou saam skool toe. Daar kom nie baie swart kinders nie, maar nou gaan ons saam miskien boshout kap vir onsself. Nou, die ou wat ek voor hout gekap het, met ander woorde, toe ek die lewe uit ’n ander *angle* uit kyk, toe kap ons hout en dan verkoop ons dit in die lokasie, swart lokasie.

AF Rêrig?

00:32:39

TR Ja, ons gaan verkoop.

AF Nie in die bruin lokasie nie?

TR Nee, in die swart lokasie. Nou, in die swart lokasie, dan gaan hy huis toe en hy sê [nie-Afrikaans], en dan het ons gevind dit was meestal op ’n Vrydag, Saterdag wat hout verkoop word. Ons kap die hout en dan verkoop hy net in die lokasie wat ek kan onthou wat ek saamgaan.

AF Wat was die rasseverhoudinge tussen die groepe daar op daai stadium?

TR Daar was mos nou nie, die swarte het mos nou nie langs die *coloured* gebly nie. Ek kan nie politieke partye onthou of singgroepe of dansgroepe wat daar uit daai [onduidelik] was nie. Ek kan nie dit onthou nie. Want ons, by *Fairfield Primary*, by Gestig was daar ’n *hall*. Hulle’t dit genoem die *OEH hall*. Nou gee ons opvoerings en dan is van die kinders mos nou saam, die swart kinders.

AF Deel van die opvoerings?

TR Deel van die opvoeding en deel van die opvoering.

AF Opvoeding en opvoering. Ek neem aan dat hierdie is nog binne u eerste tien jaar van u lewe?

TR Ja.

00:33:56

AF 1941, en dis omtrent toe 1950. So, die apartheidskeiding was nog nie so sterk daar nie. Dit kom later. Maar hoe het hierdie eerste tien jaar van u bestaan u politieke bewussyn gevorm?

TR Geen idee nie. Glad nie.

AF As u moet terugdink, en ek dink maar nou groepe, bruin mense, swart mense, hulle kom op ’n sekere kol tesame in hierdie skool. Het jy swart vriende gehad, impak gehad op u op hierdie stadium of nie? Kan u nie onthou nie?

TR Nee, ek kan nie onthou dat... Dit begin mos eers by die grootmense, dat ma en pa sê daar’s sê ’n belastingbetaling vir *VAT*, daar’s ’n kerkraadvergadering, daar’s ’n sustervergadering. Hulle het nie aan daai soort aksies deelgeneem, nie in daai tien jaar van my bestaan nie. Ek myself het ge-*interact* met ander skole, maar ek het sokker gespeel.

AF Ek sien. Saam met hierdie swart seuns of kinders?

TR Ja, maar as ek praat van saam met die swartes, dan bedoel ek nie ons is tien *coloureds* en tien swartes nie. Dit was baie min.

AF Baie min. Een of twee en so aan?

TR Ja.

AF Oukei. So, Gestig skool, tot watter standerd?

00:35:21

TR Standerd 3.

AF Standerd 3, en toe gaan jy na Parow Primêr?

TR Nee, toe gaan ek *Fairfield Primary* toe.

AF O, jammer.

TR *Fairfield Primary* is in Parow.

AF O, dis waar Parow inkom.

TR Ons trek toe Parow toe.

AF O, ja. Vanaf Akkers na Parow?

TR Want toe koop my pa mos nou grond, Grovestraat nommer 63.

AF Dis ’n belangrike punt. Drie-en-sestig Grovestraat?

TR Grovestraat, ja.

AF En dit is grond? Wat is min of meer die *size* van die grond?

TR Ek dink dit was so 350 *square metres*. Daai plot is nie groot nie.

AF Nee. So, dis ’n huisplot.

TR [Kruispraat].

00:35:57

AF En hy’t daarop gebou ’n huis?

TR Ons het ’n hok daar opgesit. Toe ons trek, toe sit ons ’n hok op. Alhoewel daar, nou kom die kleur *reclassify*. Die mense langs ons was deel van sy familie, maar ek het nie die pa nie, hulle was ’n *reclassified*. En dan die mense anderkant was wit. So, ons koop tussen halfnaatjies en wit mense.

AF Dis ’n baie, baie, baie belangrike woord daai. Dis halfnaatjies, nè.

TR Dis die mense wat halfnaatjies gewees het.

AF Met ander woorde, wit gespeel?

TR Nee, ek dink hulle kon, maar hulle het toe mos daai tyd, as ek kyk na die goed, het hulle die mense wat lig van kleur was aangebied om te *reclassify*.

AF As wit.

TR Kan jy onthou?

AF Ja, presies. So, u sê op die een kant van u huis, wit familie, op die ander kant, hierdie mense wat ge-*reclassify* was onder die *Population Registration Act* van die apartheid, dis nou waar apartheid inskop, om vir hulle daai geleentheid te gee om hulle te *reclassify*?

TR Ja.

00:36:56

AF Maar hier is u-hulle in die middel. Wat is u-hulle?

TR Daar was baie min kommunikasie van die halfnaatjies, maar hulle met mos nou mekaar geken. Daar was nou een seun, twee meisies, maar daar was nie môre en middag en jou hond is weer in my tuin en sulke goed nie.

AF Maar u huis is nog steeds in die middel?

TR Ons huis is in die middel.

AF Dit is in die 1950’ers wat u gebou het?

TR Ja.

AF U het ’n hok gebou. Verduidelik vir my, wat beteken jy by ’n hok?

TR ’n Hok is...

AF Volwaardige huis?

TR Ja, *corrugated iron*.

AF *Corrugated iron* huis. Dis nie ’n *shanty* soos ons vandag kry by ’n *shack*, in ’n *shack* setting nie?

TR Ja, ’n *shanty*.

AF Was dit?

00:36:56

TR Ja.

AF Ek sien.

TR En ons het toe ons huis gebou. 'n Vereiste van die boer dat jy moet huis bou.

AF Op dieselfde plot?

TR Op dieselfde plot. Net voor dit.

AF O, is dit wat gebeur het? Oukei, reg. Later is dit mos 'n probleem, want later sê die Groepsgebiedewet dat bruin mense moet verwyder word. Wil u my vertel van dit? In daai vyftigerjare bou u u huis en dan in die sestigerjare, is dit, moet u pad vat?

TR Ja, korrek. Professor, na oordenking, en weet professor, daai was 'n hartseer tyd, want ek was verlief op 'n *Indian girl*, Iloma Fortune en haar suster was Ursula Fortune. Hulle was *Indians*, ek kan nie sê van Durban nie. Maar al wat ek weet, ons het mos nou saam... Hulle het by *St Augustine* skool gegaan en ek het by *Fairfield* skoolgegaan.

Maar die groot raad, en al wat ons van hulle gehou het daai tyd was hulle het mos lang hare gehad, man. Nou hang die hare mos hier. Want ons het altyd gespeel, dan trek ons die hare. En so het die verhouding, en ons het ouer geraak. Ek was kranksinnig oor die storie.

AF Maar u het ook lang hare gehad?

00:39:20

TR Nee, maar hulle het mos baie lang hare gehad.

AF Ek verwys nou net na die harepolitiek tussen mense en so aan ensovoorts. Elk geval. Nee goed, maar u moet my vertel van die storie. Wat het toe gebeur met mejuffrou Fortune en u?

TR Wat gebeur het, is mos nou die apartheid. Wat het die apartheid gemaak? Die apartheid skei mos nou vir ons. Die apartheid sê, nou my pa sê net die boer het nou kom sê julle moet trek na die Hotnots se plek toe en Tiervlei toe nie en die keuse dat my pa toe Tiervlei toe trek.

Al wat ek kon onthou, dat as julle vanaand kom en ons is nie hier nie, dan sal een hier bly. Ek dink ek het daai tyd by die *GPO* gewerk, poskantoor. Dis daar wat ek gesê het die skoolgaan in Stellenbosch, toe kry ek weer die man.

AF Ek sien.

TR Sien jy nou? Toe werk ek by die poskantoor as 'n donkie *boy* en toe's hy ons *teacher* daar, want ons was opgevoed, ons het skoolgegaan.

AF Donkie *boy*, betekende algemene werk by die poskantoor en briewe aflewer?

TR Nee, die *telegrams*. Donkie *boy* lewer net *telegrams* af, nie die pos nie.

AF Op 'n fiets?

00:40:55

TR Nee, stap. Ek het net *docks* gedoen. *Docks* beteken jy doen 'n maand *docks*, A [onduidelik], B [onduidelik], C [onduidelik], die [onduidelik] *council*, daai soort *councils*, want dan kry jy mos nou *postcards* as jy nou 'n maand werk. Professor, daai wind het my eendag amper [onduidelik] binne-in die see gewaai met *bicycle* en al. Ek meen, as ek nou so kan onthou wat met my gebeur het.

AF Op watter stadium het u, op watter ouderdom het u gewerk vir die *GPO*?

TR Ek is weg van *Vasco High* af *halfway* deur standerd 6.

AF Voor *Vasco High, Fairfield* is dan die laaste primêre skool?

TR Tot by standerd 5.

AF Tot by standerd 5, en toe standerd 6 Vasco.

TR Gaan ek *Vasco High* toe.

AF *Vasco High*.

TR *Vasco High* is in Vasco.

AF Is hierdie *Vasco High*, word hy later wit verklaar?

TR Nee, hulle breek hom af.

AF So, hy was bruin verklaar?

00:41:57

TR Dis mos nou *Vasco High* waar die *coloureds* skoolgaan.

AF O, dis waar die *coloureds* skoolgaan. O, ja.

TR En dit beteken...

AF Dit is omdat u nou in Tiervlei bly?

TR Nee, omdat almal moet weg wat daar in daai *area* bly wat daar skoolgaan. Maar die skool was *fabricated*. Hoe noem 'n ou nou die skool?

AF *Prefabricated*.

TR *Prefabricated school*. So, hulle het geweet wat hulle gaan doen met die mense.

AF So, dit was die trant gewees van die skole?

TR Daai was die trant van die skole. Buiten *Fairfield*. *Fairfield* was *prefabricated*, maar dit staan nog steeds in dieselfde konteks wat hy...

AF So, ook in 'n kleurlingbuurt en hy bestaan steeds?

TR Ja, *Range Road* in Parow, *4th Avenue* en *Range Road*.

AF *Range Road*, reg. Ek probeer net vasstel, voordat ek aanbeweeg, dat toe u in die Akkers deel gebly het, was dit die deel wat later 'n wit deel geword het?

TR Wat nou Panorama is.

00:42:58

AF Panorama geword het, ja. Maar u-hulle het gebly, u-hulle se huis was eers die hok gewees wat toe gebou het in ’n huis in daai area?

TR Die huis wat ons toe in die Akkers uit Stellenbosch kom bly het, was *different* van die hok wat ons op Parow opgesit het. Met ander woorde, die een hier was ons *blame* dit op die ander mense. Dit was gedeeltelik *brick* en gedeeltelik *fabricated*. Maar omdat dit ’n gebied is, toe moet ons ons eie hok gaan opsit.

AF Ek sien. En waar u u eie hok en later huis gebou het, aan wie behoort daai huis op die oomblik?

TR Dis boere. Ek het ’n kiekie daar gaan vat. Maar ek het nie vir die mense gevra of julle boere is en julle het ons grond gesteel nie.

AF Rêrig?

TR Want ek sal my vervies. Ek sal my vervies as ek nou sê. Want ek aanvaar dis boere, want die eiendom, Parow is die eienaar. Jy sien, professor, daar wat ek sê die benadering, en ek het ’n kiekie en ek wil vir jou wys wie die boere destyds, die raad was. En ons kom hier by Hardekraaltjie en ons vind uit die stories kan die boere van Parow, want ek was mos op die raad, kan ons dit nie *interjection* nie? Hier wil ek nou vir jou iets wys en...

AF En praat maar, ons...

00:44:29

TR En my benadering, ek is baie teleurgesteld vir die boere, want ek het ’n bietjie goed saamgebring om vir u...

AF Ja, absoluut.

TR Nou kan u sien, ek noem die robbishe, man.

AF Ja, absoluut. Dis wat hulle genoem behoort te word. So, hierdie is die mense wat op die raad was min of meer in daai tyd?

TR Dis mos nou die eerste raad en ons was die laaste raad.

AF U sê ons, wat bedoel dit? U ook?

TR Ek was ’n raadslid, ja.

AF Is dit u? In watter jaargetal is die?

TR *92*, *93*, *94*, *95*.

AF O. Oukei, ek wil net ’n *note* maak van dit, want ek moet terugkom na dit toe. Dis ongelooflik, meneer. Ongelooflik. Die was in een nuusblaai gewees, ou raad, nuwe raad?

TR Ja, en dit het hulle vir ons gegee van Parow af.

AF Ongelooflik. Hier is geskiedenis. Ek wil nou vir u vra, net om die skoolstorie nou klaar te maak, was Vasco Hoër u laaste skool?

00:45:29

TR Vasco Hoër was my laaste skool.

AF Tot standerd?

TR Standerd 6.

AF Standerd 6. Dit was ’n taamlike hoë standerd wat u bereik het.

TR Dis gewoonlik ’n hoë standerd. Maar ek het daarna het ek standerd 8 kom klaarmaak by *Elsies High*.

AF Deeltyds, aandskool?

TR Nee, aandklas.

AF Aandklas.

TR Aandklas.

AF Op watter ouderdom?

TR O, ongetroud. Seker so 26, 27, 28.

AF Dis fantasties.

TR Want ek is gekoppel toe aan Tiervlei *Philosophic Society*, die slim mense wat daar by *UWC* was. Dennis Adonis, onderwyseresse, en dan Pieter Langeveld en Pieter Ackerman. Nou, Pieter Langeveld, Pieter Ackerman... Christie Langeveld was daai span, die eerste span, daar’s ’n kiekie van hulle, van [onduidelik] Kollege se eerste keer wat hulle ’n kiekie vat en hulle sê hulle *distribute* dit. Nou, dis nou Christie Langeveld. Hulle bly nou in Australië. Ek dink hy lewe nie meer nie. Toe’s dit, die slippie het gesê toe ons is *philosophers*.

00:46:36

AF Maar ek moet vir u vra van hierdie *philosophy society*. Dit is nie ’n normale gebeurlikheid waaraan hier deelgeneem het hier nie. Hoe het dit gekom dat u deelneem aan hierdie *society*?

TR Kyk, wat gebeur, professor, toe die manne wat nou slim raak, DB studeer en Eunis, en baie van hulle het gaan studeer voor en was dit deur Harold Cressy?

AF O, Harold Cressy skoolgegaan?

TR Ja. Dit beteken daar was mos nou nie ’n Ravensmead Hoër nie of ’n Florida nie. *Vasco High* is nie daar nie. Elsies dink ek was daar, maar die mense se *basic* was intellektueel seker nou die beste skole sit in die Kaap, Harold Cressy en Sinton en daai.

AF Trafalgar, Sinton.

TR Trafalgar.

AF *South Peninsula*.

TR Ja, en nou die manne wat daarvan af gekom het, was Bennie Quiche-hulle [?] en daai manne.

00:47:31

AF	Korrek, ja.

TR	Nè?

AF	Ja nee, presies. So, hierdie *philosophical*, ek wil net een ding vra oor taal. Kan ek aanneem of is ek verkeerd om te sê dat u u skool gedoen het in Afrikaanse taal, in die Afrikaanse taal?

TR	Afrikaanse taal. Lekker Afrikaans. *All of it*.

AF	En u *exposure* aan Engels?

TR	Probleem. Want, professor, ek is nou 'n laaitie, ek bly nou 63 Grovestraat, nou het ek duiwe. Nou twee paaie daarvan af is 'n wit *girly*, Engelse *girly*, sy't ook duiwe. En hoe die kontak gemaak tussen duiwe, 'n duiweverhouding weet ek nie, maar al wat my sus van tyd tot tyd vir my sê, dan sê ek vir haar, *fly away, fly away up the roof*, ons almal het 'n [onduidelik].

Met ander woorde, ons het duiwe *either* ge*swop*. Ons praat maar nou van wat het jy verstaan van Engels. Daai's die enigste benadering wat ek kan onthou van Engels, dat daar was daai *either* deur duiwe of *trade* duiwe of vlieg duiwe, dan kan ek net sê *fly away up the roof*, dis al.

AF	Ek sien, dis die Engels wat... Ek verstaan die punt. Maar ek wil vra oor hierdie verhouding met hierdie persoon. Dit is 'n duiweverhouding?

00:48:52

TR	Dis 'n duiweverhouding. Ons is klein.

AF	Dis vandag dieselfde onder die mense wat duiwe het. Hulle is fanaties, verhouding met mekaar en dan raak hulle vandaar fanaties oor duiwe vlieg en duiwe grootmaak en duiwe laat uitvlieg en terugvlieg en so aan.

TR	Kan wees.

AF	So, u het *pigeons* gehou wat dit ook gedoen het? Weggevlieg, uitgevlieg, teruggevlieg het en so aan ensovoorts?

TR	Ja, al wat ek gesê het, *fly away, fly away up the roof*. Dit beteken, dis *either* 'n duif of duiwe wat ek vir haar het, dan sy't nooit gesê *fly away up the roof* nie. Maar sy was Engelssprekend en nie Afrikaans. Maar ek praat nou van goggatjie. Ons was goggatjies.

AF	Maar nou, hierdie *philosophy society*, het hulle hulle vergaderings in Engels gehou?

TR	In Afrikaans.

AF	In Afrikaans?

TR	Afrikaans.

AF	Ook die mense wat by Harold Cressy skoolgegaan het, het hier in Afrikaans gepraat?

00:49:40

TR Afrikaans.

AF En watter tekste het u bespreek? Watter mense het u bespreek?

TR Professor, kyk hier, dis eintlik ’n kerkliggaam, hulle’t genoem, dis die strewersvereniging. Dit is ’n kerkverband. Dis Calvynse, die strewersvereniging wat van jou *Southern Suburbs*, hy was ’n bouer. Hulle kom uit die *Southern Suburbs* uit. Jy kry mos vir Athlone en langs Athlone is, wat is daai plek se naam? Athlone.

AF Athlone, Garlandale.

BA Crawford.

AF Crawford, ja.

TR Crawford, party kom uit Crawford uit en party kom uit Landsdowne uit. *Mister Ackerman* was ’n bouer, *Ackerman Agencies*. Hy was ’n bouer, maar hulle praat huistaal Engels, maar in die kerk praat hulle Afrikaans.

AF So, hier was dit basies ’n kerkgroep, netwerk van mense oor die Kaap?

TR Nee, net in Tiervlei.

AF Net in Tiervlei?

TR Net in Tiervlei.

00:50:44

AF Waaroor het jy gepraat? Watse...?

TR Ge*debate* met ander organisasies.

AF Oor wat?

TR Sê Elsiesrivier, oor seker *philosophy* of godsdiens en so.

AF O, ek sien.

TR Maar dis maar nou die strewersvereniging en sê die strewersvereniging is 20 lede, maar nie almal daai 20 lede is Tiervlei *Philosophic Organisation Society* nie. Die dom mense gaan mos nie met die slim mense kom... Professor, jy weet mos daai *culture* was destyds die slimmes en die dommes, nè?

AF Dis reg, ja. So, u het u geskaar hier omdat u ’n aanslag gehet het vir idees vir debat en u het dit geniet?

TR Ek was te onkundig met daai goed, maar omdat ons nou vriende was. Ons is vriende hier in die *debating society*, maar in die strewers is ek een van die leiers.

AF Reg, maar dis waar ek nou wil kom. Voordat ek nou by Hardekraaltjie kom, is dit die laaste vraag wat ek gaan vra. Daar’s ander goed wat ek sal later miskien wil terugkom. Maar u politieke bewussyn en u wording as ’n leier later, waar het dit begin?

00:51:59

TR Professor, dit begin met kontak of assosiasie met my ouderdom, *mister Johannes*. Dit het begin toe ek 'n voertuig aanskaf. Ek koop vir my 'n ryding en een *mister Johannes* [onduidelik] kom uit Vasco uit. Hy was onteien. Nou, Rykie, sy seun, was toe leer toe vir 'n *mechanic* en hy is toe my *mechanic*, hy werk aan my kar. So kom dit *1967*, *1968* dat hier is nou 'n nuwe ding wat sy kop uitsteek, hulle noem dit *politic*. Joh.

Maar ons is toe ook gekoppel, van hulle speel sokker en ek is 'n goeie sokkerspeler en toe skakel ons by Riverton aan in Elsiesrivier, Riverton sokkerklub. Toe kom die grootmense en hulle praat *politics* en dis Reggie, Margie, [onduidelik], ek, Clarens, en so, toe sê hulle *politic*. *Oh my grief.* Maar in elk geval.

Toe met ander woorde, toe's dit *Labour Party*. *Labour Party,* en die leiers is MD Arendse, maar dis nou nie vir ons belangrik nie, dis nou *politics*, maar toe's hy in die *Labour Party Youth*. Dis mos nou *Labour Party Youth*?

AF Ja.

TR So het ons nou begin rondspeel en die *Labour Party* en dis *election, 1969*. Dis nou *CRC* eleksie. Professor, dis mos nou Kasselsvlei.

AF Dis reg. Kasselsvlei, ja.

TR En toe hoor ons mos nou van Tom Smuts en ons hoor van die en ons hoor van daai. En in *politics* werk dit met die vesting en sulke soort goed, toe het ons begin. Toe begin my politiek.

00:54:07

AF As 'n *campaigner* vir die *Labour Party*?

TR Nee, as 'n lid van die *Labour Party Youth*.

AF *Youth*. 'n Aktiewe lid, met ander woorde 'n lid wat vergaderings gegaan het, wat *campaigns* ge*organise* het en so aan ensovoorts?

TR Ja, die hele *package*. *Meeting* hier met... Maar ons is nie *speakers* nie. Nee, ons is nie *speakers* nie, ons was die laaities.

AF Maar wat is die politiek wat die *Labour Party* op daai stadium bedryf? Is dit kleurling politiek?

TR Daai was die *Coloured Representative Council* en *coloured* [onduidelik] en *coloured politics*. Het jy vir Don Mattera geken?

AF Ja, ek ken hom.

TR Nou, Don het gesê van daai soort. Ek dink dit was in die vorm van 'n *poetry*, nè?

AF Ja, hy't mos *poetry* geskryf, ja.

TR *Rejection by the coloureds by the coloureds. Rejection by the whites by the coloureds. Rejection by the coloureds by the blacks*. Kyk nou, Don Mattera, ek het nogal daai storietjie het ek nogal van hom... Maar ek het nogal, kyk hier, professor, ek wil jou nie ophou nie.

00:55:11

AF Nee, asseblief.

TR Kyk hier...

AF O, ek sien *UDF*, ja.

TR Dit was so te sê so bietjie van wat daar gebeur het in die politiek, want toe begin ek 'n rol steel.

AF Reg, Lofty Adams en so aan. Ek het so gehoor van hierdie mense en vir my was hulle *Labour Party* mense, maar ek kom van die *Labour Party* van eers waar Allan Hendrickse wat die uitverkopery gedoen het en die *tricameral parliament*. Is dit dieselfde trant van politiek wat hier plaasvind, of is dit bietjie skakering verskillend hier in die 1960'ers?

TR Nee, daai's die *coup d'états [?]* van *politics*. Daai's die leier. Daai's die *saviour*. Maar ook, kyk hier, nou moet ons terugkom. Kyk hier, hier het ek 'n lys van die uitbeltalings, en die's konfidensieel, maar ek noem dit net van hoe die mense ge-*insult* was.

Ek weet nie, my twee kollegas, hulle raak aan die slaap, lyk my ons verveel hulle nou. Maar in elk geval, daai's hulle *problem*. Ek wou jou nog iets gewys het van Allan Hendrickse waar ons vir hom gesê het hy's 'n *sell out*. Laat ek gou net kyk of ek daai dokument het. Jammer dat ek, maar ek *like* om vir my feite te staaf.

AF Absoluut. Sjoe, *wow*. Oukei, so u het deelgeneem in die *Labour Party Youth* deel. U was deel in die *elections* vir die *Coloured Representative Council*.

00:56:43

TR Nee, ek het nie gestaan nie.

AF Nee, maar u was deel van die *Labour Party* gewees.

TR Ja.

AF Maar u was mos nog jonk, 27, 28, 29, 30. U was al getroud al op daai stadium.

TR Laat ek gou net sien. Nee, professor, ons was nie getroud nie.

AF O, later. Ons kom by dit. En toe neem u 'n politieke wending. Ek sien u wys van die *UDF*.

TR Ja, maar die *UDF* kom lank na die *Labour Party* se *participation* in die *CRC*. Nou's ons voor daai tyd, 66, geen politiek nie. Geen politiek of die idee van 'n politiek en hoe lyk *politicians* nie.

AF Korrek.

TR Toe *1967* toe loop ons ook die *politicians*, waarvan af ook, Transvaal of Uitenhage soek hulle mos nou mense en dan stig hulle mos nou 'n tak, nè, professor?

AF Ja, absoluut.

TR *1970*, kyk, hier is kiekies, ons het bietjie agtergekom van die *CRC*. Maar nou, ons *reject* die *CRC*, maar hoe kan jy die *CRC reject*, dan staan jy *elections* vir die

*CRC*?

00:57:48

AF Ja, dis 'n goeie vraag.

TR Ja maar nou kom jy toe en verander die ding. Die ander ding is, met ander woorde, daar's die *election 1969* en die *Labour Party* wen, maar toe *load* hulle mos *nominations,* want oom Smuts, hy verloor mos in Kasselsvlei. Die *mister Johannes* wat ons kandidaat is, en Kasselsvlei was lank, Kasselsvlei was Tiervlei, Bellville-Suid, Kuilsrivier. Daai tyd was Kasselsvlei. Dit was 'n massiewe storietjie. Maar ons doen toe [onduidelik] en sulke soort goed. Ons het ook probeer later van daai *stage* gemaak, daai wat *UDF* om die *grassroots* te verkoop. Lank daarna.

AF Dis later, ja.

TR Maar eintlik, wat gebeur, professor, na die tyd toe ons vind die's mos 'n klomp *sell outs* en dié *body*, die *CRC* hier is 'n *monstrosity*, die ding gaan ons verorber teenoor die massa wat in 10, 20 jaar gaan regering wees, toe gaan betoog ons teen die *CRC*.

AF Ek sien. Ek verstaan hom nou.

TR Maar die beplanning van die *Labour Party*, nie *CRC*-lede nie, en dit was nie baie ouens wat... Met ander woorde, een was Don Mattera. Met ander woorde, Don Mattera, Achmat Dangor.

AF Achmat Dangor, ja, die outeur, die skrywer.

00:59:11

TR Ja, die ander ene, [onduidelik], een is Durban, twee is *Joburg*. Nou, Achmat Dangor en Don Mattera was mos die kolegas. Ek het nogal *poets* van hulle. Hulle was mos nou *Labour Party* lede. Hulle was die militante ouens, en George Blous.

AF Ek sien.

TR Sien jy nou?

AF Ek sien.

TR En hulle *push militancy* in die *Labour Party*.

AF Ongelooflik, ja.

TR Dit beteken ons is [onduidelik], ons *represent* mos nou die jeug en toe later *represent* ons die grootmense, George Blous ge-*include*. En later het George Blous vir Van Zyl Slabbert en die *PF*, daai nag toe kom sê Van Zyl Slabbert hy onttrek van die PFP.

AF O, dis in die... Ja.

TR Dis nou...

AF Daar's 'n storie van die ANC-kampvegter met die naam van Hennie Ferris. Hy was ook 'n radikale *Labour Party*.

01:00:09

TR *Labour Party*.

AF Ja. Nou maak dit sin vir my.

TR Ja.

AF Nou maak dit sin, want ek verstaan nou die *Labour Party* het die radikale invloed gehad van die jonger mense wat later teen die *CRC* gebaklei het en die *CRC* was gebaseer gewees op UWK.

TR Huh?

AF Op UWK, die geboue daar.

TR Waar binne?

AF Onthou, hulle, wat's dit, hulle *chambers*...

TR Die *chambers*?

AF Was mos gewees so langsaan die UWK.

TR Die *CRC*?

AF Ja.

TR Ja. Maar nou kom ek en jy gou aan 'n verskil. Kyk hier, professor, daar moet geboikot word teen die *CRC*. *Monkey hear, monkey see, monkey remain in the CRC*. Die goed kom almal van Don Mattera en Achmat Dangor af en George Blous.

01:00:52

AF O, ek sien. So, hulle het die radikale taal gebied vir die beweging wat teen die *CRC* gewees het?

TR Maar nou, wat nou? Wat weet ons van betoog? En eienaardig, professor, die betogery word gebeplan en groot borde, soos ons hier gebruik, groot borde. Ek hoop nie ons twee verveel vir julle nie. Maar in elk geval, jy weet mos daai Piet Wapen en meer wapens om ons kinders dood te skiet en *monkey see, monkey hear, monkey remains in the CRC*, sis almal op die goed wat die opening van die *CRC* teen die soldate wat daar *parade*. Ek het kiekies daarvan.

AF O, rêrig?

TR Ja.

AF Ongelooflik.

TR En die nadraai, professor, ons het vir *UCT* genader. Kyk hier, ons gaan *protest*. Nou, ek is nie die denker nie. Die manne soos Don Mattera-hulle en Blous en hulle is die denkers, en die [onduidelik]. Al wat ons moet maak, ons moet daar gaan. Nou, jy kan mos nie staan daar nie, jy moet op en af. Eienaardig, professor, hulle *reject* ons *application* dat hulle moet *participate*, maar *UCT* kom betoog saam met ons. Paul Pretorius en Neville Curtis, sê 40 van hulle. En professor, hulle gee die Nazi *salute* toe PW Botha...

01:02:10

AF Wow.

TR Die goddelike waarheid, dis in die geskiedenis.

AF Rêrig?

TR Goddelike waarheid. Maar nou, hulle het met ’n bus gekom.

AF *UCT* se studente?

TR UCT, Paul Pretorius en Neville Curtis.

AF Maar nou, UWK se studente?

TR Nie een nie.

AF Dis ongelooflik. Dis dan by hulle.

TR By hulle. Met ander woorde, die onderhandeling...

AF Met ander woorde, Richard van der Ross was gewees op die *CRC* se kant?

TR Richard van der Ross. Kan dit wees?

AF Ek vra.

TR Maar wat sê die geskiedenis voor en na dit?

01:02:39

AF Nee, kom ek vra dit. Wat ek eintlik wou gesê het, daar’s iets aan die gebeur by UWK wat die studente weerhou van *join*. So, daar’s ’n *moderating* invloed. Daar was gesê, nee, moenie daar gaan nie tipe van ding en dis wat nou Richard van der Ross af van my tong glip hierso. *Ignore that*. Ek wil nog steeds weet hoekom UWK se studente nie daaraan deelgeneem het nie. Hoekom *UCT* se studente, byvoorbeeld?

TR Hoekom *UCT*? Maar nou weer, hoe weet ek van ’n kontak van ’n *Labour Party* met *UCT* en hoekom kan ons nie nou met die onderhandelings daar betoog nie? Nou, daai was mos nou die groter manne as ons. Ons is nou die handlangers. Ons is die jeug, hulle is die manne wat groot prate het met instansies, maar ons was... Want tot na dit alles gebeur, ons gaan mos toe tronk toe. Kan jy onthou, toe sluit hy vir ons.

AF U word opgesluit wanneer, in watter kompleks?

TR Ek het gewerk nagskof by *Nylon Processes*, toe kom tel hulle ons die Saterdagoggend, tel hulle vir my, ek het nagskof gewerk, toe kom tel hulle my *two o’clock* op *Caledon Square* toe.

AF Rêrig? Watter jaargetal is die?

TR Ons het betoog *1971* nou. In *1971* het dit gebeur.

AF *1971. Caledon Square*, daar waar wat hulle vir Imam Haron aangehou het?

01:03:57

TR Ja. Kyk hier, professor, dis mos nou ’n betogery. Die opening van die *CRC*, ek het ’n ding van die opening, ’n kiekie en ek het taamlik van die goed ge*collect* van die *sell outs*. Ek is mos nou deel van die *sell outs* en ek kry opdragte om die goed te *collect*, koop ’n koerant.

AF Hoe bedoel u nou u sê u’s deel van die *sell outs*?

TR Ek was mos dan in die *Labour Party*.

AF O, nog steeds. Die radikale wending is nog nie geneem nie.

TR Ja, want hy word nie so geneem nie. Die radikaal sterf ’n stadige dood en die ouens gaan, vir tien jaar hou hulle daai mos aan die lewe. Voor die *tricameral* mos.

AF Ja, voor die *tricameral*.

TR So, die opdrag is, van Allan-hulle en Sonny Leon, daar moet gebetoog word, want, professor, ons het hulle goed, hulle sou saam met ons betoog het. Nou’t ons mos dubbel die goed wat ons hier dra. *Monkey hear, monkey see*, PW Botha, meer wapens om ons kinders dood te skiet. Maar ons het nie ’n vae idee dis ernstig nie. Ons is mos nou nie *politicians* nie. Ek praat nou van *1969*, *1971*. Die organisasie het *1971,* die Ravensmead Residente.

01:05:08

Nou, die Ravensmead Residente-aksiekomitee was gesê by die eleksie dat George Blous is verantwoordelik vir die verdeling van die kerk. George Blous het SAFM, *South African Freedom Movement* gestig. George Blous het die aksiekomitee, want George Blous sê, hy sê, hy’t ’n organisasie gestig, want die *CRC* is ’n *sell out* en die *CRC* se leiers is nie *radical* genoeg nie. So sê die advertensie en die propaganda wat nou toe by ’n eleksie deur die gemeenskap gaan in die vorm van ’n dokument.

So, Blous, *1971* en die *CRC* is *1969* gestig. So ’n jaar of twee, toe vind hy uit die’s ’n klomp *monkeys* wat hier dien in die *CRC*. En die mense gaan ons nog oorsit as die swart mense gaan oorvat en die regering wees. Jy moet nou net die ding so beander. Met ander woorde, die ou het *foresight* gehad.

AF Hy’t definitief.

TR En die *CRC* gaan al vir tien jaar, en toe gee hulle mos die *tricameral parliament*.

AF Ja, *1983*.

TR Ja, maar toe skop dit mos in met die koor nou. Kan jy onthou? Dit was *protest meetings*, maar toe’s dit *UDF meetings*. So daarvan af na daai toe.

AF En u neem toe ’n wending tot by die *UDF meetings*?

TR Nee, dis mos nou *Labour Party*. Ons onttrek van die *Labour Party*.

AF Onttrek van die *Labour Party*.

TR En ons raak Ravensmead Residente. Tiervlei-Ravensmead Residente-aksiekomitee. Ek het nog dokumente op dit in en *letterheads*.

01:06:51

AF Aksiekomitee.

TR Toe raak ons Ravensmead Residente-aksiekomitee.

AF Onder George Blous?

TR Voorsitter George Blous.

AF En dit skaar homself by die *UDF* aan? *1983, tricameral parliament.*

TR Met ander woorde, die opleiding. Want onthou, George Blous... Nee, professor, ons sluit toe aan by CAHAC.

AF O, CAHAC*, Cape Housing Action Committee.*

TR Ja, ons sluit toe aan by CAHAC.

AF Maar hulle word mos nou affilians van die *UDF*?

TR Hulle word die affiliant van die *UDF*.

AF En so, u was dan binne *UDF* politiek besig gewees. Is dit, ek wil nie, u kan later hieroor praat, en dit is wat u binne in hierdie...?

TR Ja, ons het so geregtig, *legally*.

AF So, CAHAC is die *vehicle* wat u gebring het tot binne die...?

01:07:37

TR En CAHAC het 48 affiliate gehad.

AF Ja, hulle was baie groot gewees.

TR Nogal, nè.

AF Ja, hulle was baie groot gewees, ek weet. Ek het aan die *UDF*, ek het aan die jeug behoort.

TR Is dit?

AF Ja, die kykhou [?].

TR Kykhou, ja. [Onduidelik] en kykhou.

AF [Onduidelik].

TR Ja, dis hier dink ek in ’n pamfletjie.

AF Oukei, so dit is nou, so ons paaie, my pad baie later as u kom toe by dieselfde punt uit. Maar nou wil ek praat oor Hardekraaltjie en ek wil so vir nog ’n tien minute, en dan wil ek stop en dan wil ek terugkom.

Ek wil hê, onthou, die tweede deel van hierdie gesprek is u insae, u posisionering met betrekking tot die Hardekraaltjie begraafplaas, van die begin tot die end. Sin maak, wat u *connection* daarmee was, hoe u die storie geken het en so aan. En dan die derde een sal wees wat is die voorstelle vir restitusie. So, Hardekraaltjie, vertel vir my. Begin enige plek en vertel vir my.

01:08:43

TR Ek het net kontak gemaak met Hardekraaltjie deur wat 'n ou vir my sê, maar nie fisies nie. En die een wat die naaste aan Hardekraaltjie vir my iets gesê het, was Anne wat fisies beteken Anne het saam met 'n kar gestap, die perdekarre met lyke op die kar, hulle gaan nou die persoon begrawe. Ons weet wat is begrawe is, want ons sing saam koor vir jare en dan gaan ons van die kerkmense gaan begrawe hier, óf in Belhar óf in Maitland. So, ons het daai gewoonte van begrawe.

Nou Boetie is weer die ander ene wat ons daarmee aankom en Boetie sê dit en dit, maar Boetie het weer gaan hout kap. Hy't hou gekap by Hardekraaltjie. Ek het, professor, ek het werk toe gery, toe werk ek by *Nylon Processes*, met 'n *bicycle* en nou kry jy mos die *railway*. Nou, na die *railway* gaan daar 'n paadjie wat jy kan met 'n *bicycle* ry. Met ander woorde, die Septembers werk by, klomp mense weer by *Nylon Processes* en jou kontak met hulle is hulle het *bicycles*, julle ry werk toe met *bicycles*. Maar dan ry ons daar om.

Maar ek het nooit, al wat ek geweet het, Hardekraaltjie is daar waar die mense uitkamp tot jy nou gesê het dis Hardekraaltjie, hier lê dooie mense. Sien jy nou? Anne is een van hulle en nou't ek mos gesê, kyk, die Hardekraaltjie is dooie mense en dis Tiervlei se mense.

AF Gehoor van Hardekraaltjie.

TR So, fisies, my *research* op die ding is baie beperk. Anne is die enigste ene wat sê daar's 'n plek soos Hardekraaltjie, dis daar by die hospitaal en party sê die hospitaal is op Hardekraaltjie gebou. Die ander sê Hardekraaltjie, toe hulle die paaie maak, en dis heel 'n ander benadering, hoor, toe't die *loaders* paaie gestoot en toe't daar bene uitgekom. Dis al wat ek kan. Nè, professor?

01:11:16

AF Het hom. U is gebore in *1941*. Hardekraaltjie is toegemaak in *1947*. So, u het nie 'n geheue van Hardekraaltjie, soos u sê nie. Maar soos u grootword en soos u volwasse word, is daar gepraat van Hardekraaltjie. Mense soos Anne wat gepraat het oor mense wat daar begrawe was, Boetie wat daar gespeel het. Boetie is die persoon wat saam met u was?

TR Ja.

AF Familielid van u?

TR Ja, en dit gaan nou Touwsrivier toe in my ma-hulle se tyd. Sy ma-hulle en my ma is gekoppel, want my ma kom ook van Touwsrivier af. Nie my pa nie. Pa kom mos nou van...

AF Reg. So, u kry dan so indirek 'n skramse storie hier, 'n skramse storie daar oor die *cemetery* syself?

TR Ja, maar onthou, om vir Boeta uit te kanselleer, of Boetie ook op 'n *pedal* te sit, dan vat jy vir Bennie saam. So, Bennie en Boetie is neefs. Dan kry jy 'n ander ene wat saam met daai Khoi ou was wat baie jonger was as Boetie, dan het jy nog een by. Waar twee of drie dieselfde praat, darem het jy 'n *clue*.

AF Nou goed, ek wil dan praat oor u aannames rondom die skending wat die

Hardekraaltjie begrafnisdebakel by die hospitaal verteenwoordig volgens u. Hoe verstaan u dit? Wat het dit gedoen aan mens en so aan?

01:13:01

TR Professor, jy sien, my benadering, daarom wil ek vir jou wys, professor, ek het ’n probleem, want daaraan lê die goed wat ons mense se grond afgevat het hier op die sy, lê nie van die goed daar nie en ek gaan nie optel vir hulle, soos die *gangsters* sê nie.

Maar terug na die werklikheid toe, die Tygerberg hospitaal is ’n *necessity*. Dis ’n hospitaal vir siek mense en so. En baie stede het hospitale. Ons het Groote Schuur hospitaal, ons het Panorama hospitaal. Ek was daar met my hart, sulke goed. Maar daar het iets gebeur. Maar, professor, ek kom mense teë wat te doen met *restitution*, die *resituted*. Hier in Elsiesrivier is ook mense begrawe, hulle noem dit begraafplaas, en daar is geboue op.

So, terug na Hardekraaltjie toe en diskriminerend en, ag, dis maar net nog mense wat se bene daar moet kom lê. Dit het dan in *1652* begin, man.

AF Ja, dis reg.

TR En so het dit oopgekom *generation* na *genera tion* tot dit ge-ontplof het met die *Group Areas Act, job reservation, immorality, Right of Assemblies Act, Political Non-Interference Act.* Daai rasseverhouding*slogans* en -kultuur wat hulle toe... En as ’n professor is jy nou beter, baie meer in die kennis van dit, maar as jy dit opsom, dan sê jy die goed het niks met die ander geslagte en nasionaliteite gedink nie. Alhoewel ek aan hulle gekoppel is van daai inwending, daai tyd, ek is ook verantwoordelik daarvoor, en my ma en my pa.

01:15:03

Hulle het mos die Khoi gevat en kinders gemaak. Hulle het mos die slawe gevat en kinders gemaak, nou sê hulle nou’s ons kleurlinge. So, wat nou? Daai vir my persoonlik, professor, toe ek nou, sê my *mind* gaan oop, sien ek hoe *insulting* dit was orals. Of jy nou ’n bus gehad het of die trein of jy gaan *beach* toe of jy gaan iets koop. En fisies in my pad, dan bly daar mos nou Hotnots en wittes, dan sê die, as die wit laaitie so aankom, hulle was altyd groter as jy, Hotnot, julle weet waar julle moet loop. Julle loop nie binne die baas se pad nie, julle loop op daai sypaadjie. Hulle het so groot geraak.

So, die groot goed het nou groot geraak as die bliksem wat hier sit. Hulle is nou groot en hulle bly in daai [onduidelik], want so sê my pa en pa se pa en my pa se pa. Julle is niks, want julle is nogal snaaks, julle is nogal ’n gemengde bloed en nogal slawe wat van Mosambiek af gekom het en van Indië af. Julle is amper wat ons vir die *CRC* ouens gesê het, *monkey hear, monkey see, money remain in the CRC*. Dink niks van ’n mens nie.

AF Presies.

TR Nou, hoe kan ek...? Want onthou, ek was met die boere betrokke. Kyk hier, toe die fondse opraak van die *UDF*, toe kry die groot man opdrag, gaan na die PFP, reël iets met Van Zyl Slabbert vir tien miljoen. En toe hulle die geld kry, toe kom die geld nie na die [onduidelik] toe nie.

01:16:53

AF Ek dink ek weet van wie jy praat as jy van groot man sê. Maar ek wil eers praat van die hospitaal.

TR Ons praat van die hospitaal.

AF U maak 'n aanname wat korrek is, en dit is dat mense makeer hospitale omdat dit 'n baie belangrike deel is van ons gesondheidsmanifestering en -mediëring en te hulp kom en so aan. Maar die aanlê van 'n hospitaal is deel van 'n ideologiese politiek.

TR Was dit?

AF Nee, ek vra vir u. Jammer, ek klink nie of ek vra nie. Dis deel van 'n tipe van 'n ideologiese apartheidspolitiek wat hierdie hele area, die hele groter Tiervlei in terme van sy *spatial*, sy ruimtelike uitleg beïnvloed het, negatief impakteer op bruin mense, swart mense, en positief impakteer op geriewe vir en blyplek vir blanke mense.

TR Ja.

AF So, die feit van die hospitaal word dan deel van 'n groter ideologiese segregasie wat dit dan problematies daarstel. Dis wat u sê, nè?

TR Kyk hier, jy moet nou vir mense dink en dan kry jy 'n idee, jy moet vir hom *picture*. So, die ouens wat op rade gesit het as geskoolde mense, en hulle kom van *institutions* af, die Afrikaner kom nie van *UCT* af nie, hy kom van Stellenbosch af.

01:18:33

AF Ja, korrek.

TR Of hy kom uit die Vrystaat uit. So, hy het nog steeds gehou op daai filosofie van hy, wat sal die *politic* sê? Hy's die *coup d'états* van *civilizations*. Die Hotnot is 'n *by-product*. Die Bantu, geheel en al, hy moet so ver wegbly van ons. Daar moet ons vir hom hou. En hulle gee toe [onduidelik]. Dan kyk jy maar [onduidelik], Gatsha Buthelezi en Oupa Xhosa.

AF Kom ek vra vir u die laaste vraag. Meneer Tromp, u is 'n aangesiene mens in die gemeenskap. U het 'n baie belangrike storie om te vertel. Ek sien die storie. Die storie begin in 1941 en hy neem wendings, persoonlik, polities, sosiaal, opvoeding in die lang duur. Daai's die storie.

TR In die lang duur. Daai's die storie.

AF Ek wil daai storie vertel. Maar ek wil u die laaste vraag vra. Ek gaan dit vertel. Ek gaan by al hierdie stories terugkom om daai storie te vertel. Maar kom ons praat gou by die Hardekraal. Ek belowe u en ek vra vir u toestemming om dit te doen, asseblief. Maar nou wil ek vir u vra, hoe gemaak met die restitusie van die Hardekraaltjie in verhouding tot die universiteit en in verhouding tot die mense wat geaffekteer was?

TR Maar jy sien, professor, nou kom ons, laat die dooie verledes hulle eie dooies bring. Die *input*, die *mental, physical, financial input* en *accountability towards* die *community* is lyk my nie bereikbaar nie.

01:20:20

In die eerste plek moet mens die vraag vra, hoekom het Stellenbosch besluit om aandag te skenk aan die Hardekraaltjie? Hoekom het die idee? As hulle iets wil doen vir die gemeenskap en hulle gaan nou en hulle *select* 'n begraafplaas wat nie *substantially verify* dat... Want hulle sê dit is vir Tiervlei, die *verification* en die *research* en die *evidence* is dat dit is die mense.

Weet jy, professor, as die ding, die boere nog die groot mag gehad het en hulle moet die ding bespreek van wat daar in, wat hulle eiendom is en miskien waar hulle voorouers lê, daai goed word dan obsoluut. Maar terug na die werklikheid toe. *Restitution*, nou kom die kernding, *restitution* is gee terug aan wat aan die mense behoort is of aan die persoon of die individu of die kollektief, die kerk, wat ook al.

Nou, sê *by final analysis* daar kom 'n steen op, soos oorlogmense, nou kom daar 'n steen op en die steen wil propageer ek en Basjan en [onduidelik] en *public meetings*, julle, wie lê daar? Antie Mary. Ek het nog nooit vir Antie Mary geken nie. Wie lê daar? Oom Jan Oostenryk. O, daai wat aan die Bothas behoort? Maar hoekom moet ek weet daar is, daar is, daar is? Dis nie 'n *restitution* van die regering nie, dis 'n *restitution* van 'n instansie, *Stellenbosch Varsity*, nè?

AF Korrek.

TR Stellenbosch *Varsity*, want daai fakulteit is, hy's oorspronklik in Stellenbosch, nè?

AF Oorspronklik, ja. Dis deel van Stellenbosch en die *provincial government*.

01:22:35

TR Oukei. En professor-hulle...

AF Maar die fakulteit is Stellenbosch, maar die hospitaal is *provincial government*. Jammer.

TR Maar nou... Oukei, ek het nie probleem nie met... Want ek is nie soseer op die goed nie, ek is meer soseer op wat nou in die gemeenskappe ingaan. Wat nou in die gemeenskap aangaan, die *social, total disintegration* van ons *civilised norms* en *standards* en *human beings*, van die kleintjie af tot by die grote. Ons het daai vir daai *colonel* gesê, die groot [onduidelik] soek die *cause* en moenie die effek *remedy*.

Maar terug na ons toe met Hardekraaltjie. Wat daar gebeur en wie dit gaan doen, ek sal dit respek en waardeer. Ek kan nie verder... Ek probeer nog steeds, soos hulle weet, mense soek, soek wat gekoppel is aan dié wat daar lê en ek kan net verwys na die twee sake van Anne. Ek kry nog nie... Ek kan nie mense kry wat saamgeloop het nog nie.

AF Ek wil vir u 'n paar vrae vra van wat ek nou gehoor het u vir my sê. Kom ek sê eers wat ek gehoor het en dan kan ons daaroor praat en dan wil ek u 'n uitdaging stel.

U gebruik 'n baie belangrike woord. U sê dat die gebeurlikhede rondom die Hardekraaltjie en die *accountability* met betrekking tot dit aan die gemeenskap, u gebruik 'n woord, u sê dit is nie bereikbaar nie. Ek hoor met dit u bedoel dat daar

is nie wat ons noem *tangible evidence* van wie daar lê nie en daai's die eerste sin wat dit nie bereikbaar is nie. Is ek reg?

01:24:25

TR Kyk, die ander *angle* nou, die [onduidelik] van dooie mense in geskiedenis en die aandag wat dit moet kry en sê individueel of *community commitment* is al lank al iets uit, want nou worstel die mense met bestaansreg. Bestaansreg beteken hy't nie werk nie. Hy bly in iemand anders se eiendom. Sy kinders is in totale chaos. Hy't nie ge*consolidated* leiers nie in die gemeenskap nie. [Kruispraat].

AF Kan ons 'n koppeling maak in hierdie area aan die skending van die begraafplaas?

TR Ja.

AF Hoe sal ons dit redeneer? Hoe sal ons daai koppeling maak?

TR Dan moet ons diskriminerend gaan. Maar dit kan ook wees dat, onthou, alles wat diskant die lyn is, behoort aan die *coloureds*. Anderkant was die boer en anderkant wat daar behoort aan die swart man. Dan, hoe sê jy, hoe dink hulle? Hoe het die goed gedink?

So, oukei, nou *claim* ons *responsibility*. Nou, dan dink ons vir onsself en ons beplan vir onsself en ons befonds dit onsself. Ek dink ons moet nie nou nog verder *historically allegations* maak teen die boer, teen die instansie, teen die munisipaliteit nie, teen die leierskap daar, teen die hospitaal nie. Want ek het mos nou gesê ons moenie in die *community* praat van die trekkers het daar beendere uitgegrawe nie. Die mense is baie sensitief. In die eerste plek is dit mos nou disrespek.

01:26:28

AF Maar nee, volgens my is dit nie disrespek nie, maar ek wil weet hoekom sê u so?

TR Omdat, kyk hier, die mense wat daar begrawe is, word nou gekoppel aan die geskiedenis van die mense. Hulle sê nou nie die mense wat die tender gehad het moet paaie stoot nie, hulle sê die boere. Kyk, die boere, van die wieg tot die graf respek hulle en hulle stoot die klomp bene daar en gooi dit op 'n hoop en steek dit aan die brand sonder om die gemeenskap te konsulteer.

Daai's een ding. Maar aan die ander kant kan ons nie meer *1652* gebruik om 'n *argument* op te sit in die tyd nou nie. Want ek sou sê, professor...

AF Ek hoor jou.

TR Spesifiek het ek te doen met *restitution*, ek skenk baie aandag daaraan, en ongelukkig het ek... Wanneer, *sorry*, ek wil gou net vir professor, ons gaan nou af, ek wil gou vir jou iets wys, man. Waarvan ek praat, die is... Professor, kyk hierna.

AF [Onduidelik].

TR Kyk hier. Kyk net daar. Ek *like* om my goed te praat met staaf, man. En die manne gaan vir my kwaad wees.

AF Die is die name van mense wie se erwe afgeneem was?

TR Ja.

01:27:52

AF Ongelooflik.

TR En daai's maar een blad. Die is ook maar van daai tyd wat ons mos nou die mense uitbetaal. Nè, Bassie?

BA Ja.

AF So, daar was 'n uitbetalingsproses van die raad vir hierdie mense?

TR Waar gaan die raad, daai klomp ou mense vir ons geld gee? Dis [onduidelik].

AF So, dit het nooit gebeur nie?

TR Ons wil nog, die boere wil ons kyk of ons hulle nie kan hof toe vat vir 10 of 20 miljoen nie.

AF So, dit is nog steeds aan de gang? Ongelooflik.

TR Ons het nie lekker eenheid en leierskap nie, professor, man.

AF Ja, dis die ding. Maar nou, ek verstaan die groter argument wat u maak. Ek wil nog steeds vir u sê dat as u in die gemeenskapsimpak, die impak op die gemeenskap van hierdie skending van die Hardekraaltjie en die *forced removals* speel homself af in siklusse van trauma en *re-traumatisation*. Die mense, 50 jaar later waar mense nie eens 'n geheue het van wat gebeur het nie, is die trauma nog steeds aan die gang om homself te reproduseer aan en aan en aan en aan.

TR Ja.

01:29:09

AF Nou, so voel u dat ten minste ons moet probeer as 'n *partnership* met gemeenskap en die universiteit wat sekere *resources* het, hospitaal, om 'n aanspraak te maak om daai trauma aan te spreek byvoorbeeld?

TR Ja.

AF Dit is mos die Bishop Tutu aanslag, *reconciliation via trauma*.

TR *Yes, you're right*. Ja. Daarmee stem ek saam. Ek wil nie 'n *expert* wees nie en ek wil nie *advisor* wees wanneer daar geprojekteer word nie, die projek is geïdentifiseer, en dan die *technicalities* nie en tot die ding daar staan soos die tafel daar staan en ek kry erkenning nie. En die regspraak en wie is ge-*affect* en spesifiek op hoe die probleem opgelos is. Hoe die probleem geïdentifiseer was of die grief geïdentifiseer was.

Want daar is nie aandag geskenk aan die mense wat onder Parow hulle grond verloor het nie. Daar's nie aandag geskenk aan Suid-Afrika wat die mense se grond afgevat het nie. Daar's nie moment nie. Maar ek, omdat ek kan dit nie *reject* nie, want ek bly in die Kaap 340 km hiervan en ek maak 'n grafsteen vir my oupa op die gatkant van my werf, ek sit 'n steen op.

AF So, in 'n sekere sin is dit om hierdie projek te afsonder van die ander gebiede en groter problematiek rondom hierdie, is 'n tipe van 'n spesiale verheffing van iets wat eintlik ander plekke ook moet gebeur, maar hoekom gebeur dit dan hier?

01:30:44

TR Hoekom gebeur dit hier? Maar hy kan ontwikkel in 'n kettingreaksie. Hy kan.

AF Hy kan. Ek glo hy kan, maar...

TR Maar dit kan ook 'n gevaar raak *because* die ander mense kan nou sê, O, daar word nou erkenning gegee aan Tiervlei, en nou ons in Elsiesrivier? En jy weet jou ouma lê daar en jou oupa lê daar. En dan kom sê jy, kom ons *organise* 'n protes *meeting*. Daai's hulle *problem*, nie ons *problem* nie.

AF Nee, dis oukei. Dis *fine*. Dis die kettingreaksie.

TR Dis die kettingreaksie.

AF Ons kan nie dit beheer nie.

TR Ons kan nie dit beheer nie.

AF Daarom wil ons ook, Chefferino en Johannes, die stories nou vertel. Want die stories het sy eie kettingreaksiegevolge. Want mense bly nie meer hier nie, byvoorbeeld nie. Mense bly orals en daarom het dit ook sekere prosesse wat plaasvind hier.

So, u het vir ons nou gekristaliseer 'n baie belangrike uitdaging vir hier die projek, en dit is sy beperking tot hierdie projek en hierdie area is miskien 'n verheffing van iets wat eintlik meer algemeen moet plaasvind. En so, waarom hierdie? Waarom hierdie en so aan? Want is julle besig met die simboliese seerkrap? Julle krap net rowe tipe van ding en julle vergeet van die res van dit. Dit is 'n baie groot punt wat u vandag vir my gestel het.

01:32:03

Ek wil vir u sê en vra dat as ek weer terug kan kom met enige ander vrae oor hierdie gesprek. Dan baie belangriker ook, en ek gaan dit nou stop en ek stop nou die *recording*, maar ek wil ook iets laas sê.

01:32:18